# Goeie Nuus

Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 7
Augustus 2023


## ONS HOU BASAAR OP DIE 2DE SEPTEMBER

Buiten die vrouebediening se aandeel waarvan u bietjie verder in die nuusbrief kan lees word daar beplan om 'n formidabele basaar hierdie jaar te hou. Ons is vreeslik opgewonde.

Help ons groot asseblief om die advertensies wat ons per Whatsapp gaan uitstuur en ook op FaceBook gaan plaas aan te stuur of te "share" met al u vriende, familie, kinders, kleinkinders, agterkleinkinders, bure, buurtwaggroepe of enige ander persoon!!

**Bemarking is só noodsaaklik as ons die boodskap wil uitstuur na die uithoeke van die aarde!!**

Hamburgers
Heerlik kuier
Koffie
Skyfskiet
Vrolikheid
Worsbroodjies
Musiek
"Colour fest"
Trekkerritte
Goeie Gees
Braaitafel
Koeldrank
Kerrie en rys
Kunstenaar
Skrikhuis
Tee
Kussinggeveg

## WAT KAN U TE WAGTE WEES...

# Iets op 'n ligter noot

"Ek soek werk. Plaaswerk asseblief! Ek het die volgende ondervinding: Saal gereeld die verkeerde perd op en het ook te veel hooi op my vurk. Ek het gereeld 'n eiertjie te lê en weet hoe om jong osse in te span en katte te skiet. Ek kan ou koeie uit die sloot grawe en indien nodig met iemand anders se kallers ploeg. In die groentetuin sal ek gereeld met die hele mandjie patats uitkom.

Ek sal deur die wingerd loop met wingerdgriep en dan die wrange vrugte pluk.
Vroegoggend sal ek die room afskep nadat ek op eiers geloop het. Ek is knap met balke saag en twak verkoop. Ek weet van appels swaai en sal jou wys waar Dawid die wortels gegrawe het. My spesialiteit is om pêrels voor die swyne te werp en dan gaan slaap ek ook graag saam met die hoenders. Ek kan die bul by die horings pak en kry die agteros in die kraal nadat dit by oom Daantjie in die kallerhok was. Ek kan skape tel en maak dan vir wolf skaapwagter. Ek kan die dam onder die eend uitruk en kan hond haaraf maak.

Ek is 'n perd van 'n ander kleur en manne soos ek is so skaars soos hoendertande en ek werk vir 'n appel en 'n ei. Op 'n saaiplaas sal ek weet hoe om die koring van die kaf te skei. Ek sal die rieme dun sny en ek kan 'n perdekar klopdisselboom ry. Ek sal dophou dat niemand aan die agterste speen hoef te drink nie. Ek kan enige tyd begin maar netnie hierdie Saterdag nie. Jakkals het my genooi vir sy troue. Hy trou met Wolf se vrou."

Since Youngsters of Today have their Texting Codes ( **LOL**, **OMG**, **TTYL**, etc.) the Oldies decided not to be outdone by these kids, and now have developed our own codes too :



**ATD** - At the Doctor's
**BFF** - Best Friend's Funeral
**BTW** - Bring the Wheelchair
**BYOT** - Bring your own teeth
**FWIW** - Forgot Where I Was
**GGPBL** - Gotta Go, Pacemaker Battery Low
**GHA** - Got Heartburn Again
**TFT** - Texting From Toilet.





**Aan al die senior lidmate in ons gemeente:**
**Neem asseblief kennis dat die datum van die jaarlikse LENTE-ETE van 11 Oktober verander is na WOENSDAG 18 OKTOBER.**
**Ons sien uit daarna om julle almal daar te verwelkom!**
**Groete van die Vrouebediening**

# 'N SPESIALE BOODSKAP AAN AL DIE VROUE, MOEDERS EN OUMAS IN ONS GEMEENTE.

## RAAD vir VROUEDAG 9 AUGUSTUS 2023



En vir elke dag van jou lewe:
Wat maak my swak?
My vrese.
Wat maak my heel?
My God.
Wat hou my staande?
My geloof.
Wat maak my goedhartig?
My vermoë om nie heeltyd aan myself te dink nie.
Wat maak my eerlik?
My integriteit.
Wat hou my gedagtes skoon?
My soektog na ware kennis.
Waaruit leer ek die beste lewenslesse?
My foute.
Wat hou my kop omhoog?
My trots, nie my arrogansie nie.
Wat as ek nie kan uithou en aanhou nie?
Dit is nooit 'n opsie nie.
Wat maak my suksesvol?
My moed om aan te hou met opstaan as ek geval het.
Wat maak my bevoeg vir alles wat ek doen?
My selfvertroue.
Wat maak my mooi?
My alles!
Wat maak my 'n vrou?
My hart.
Wie is ek?
Ek is voluit vrou!



Vir mooi oë, kyk altyd na ander se goeie eienskappe;
vir mooi lippe, sê net vriendelike woorde;
vir grasie, loop met die wete dat jy nooit alleen is nie.







# Nuus van die Vrouebediening

Oor 'n maand gaan daar 'n besondere geleentheid in die gemeente aangebied word. 'n Regte, egte BASAAR waarna ALMAL kan uitsien! Maak nou dadelik seker dat jy op SATERDAG 2 SEPTEMBER geen ander afsprake het nie, want hierdie EEN moet jy nie misloop nie! Bring asseblief ook al jou familie en vriende saam, want daar gaan vir oud en jonk iets feestelik wees om te geniet. Oor die volgende paar weke sal die inligting deurgegee word.

Die Vrouebediening is verantwoordelik vir die meeste van die kosstalletjies soos pannekoek, jaffels, 'n tradisionele poedingtafel, poedings om huis toe te neem, allerhande soorte gebak, interessanthede in bottels en selfs plante. 'n Fees van handwerk – ook oulike geskenke wat nou reeds vir Kersfees aangekoop kan word.












**SKENKINGS**

**Aangesien die doel van die basaar fondsinsameling is, het ons die vrymoedigheid om vir die volgende skenkings van bestanddele te vra:**
**Meel, suiker en eiers, jellie, kondensmelk, ingedampte melk ("ideal" melk), ingemaakte vrugte, vla, vanilla roomys (ons benodig 2 x 5 liter houers). Al die bestanddele moet asseblief by die kerkkantoor afgelewer word – merk dit "VB". Kontant donasies ook baie welkom.**
**Bring asseblief ook groot koeke, kleinkoekies, terte, beskuit, brode, poedings om weg te neem, konfyt, ingelegde vrugte, tuisgemaakte lekkers.**
**Ons maak staat op almal se ondersteuning – in watter vorm ookal. Kontant donasies is ook baie welkom.**

# Belangrike Godsdienste van die Wêreld

**Bhoeddisme.**

**Hierdie is die derde aflewering van die hoofkenmerke van verskillende wêreldgodsdienste in die Goeie Nuus, sodat ons lidmate vertroud kan wees met hoe voorstanders van hierdie godsdienste glo en dus meer voorbereid kan wees om 'n geestelike gesprek met hulle aan te knoop. Hierdie maand ondersoek ons Bhoeddisme.**

Anders as Hindoeïsme, het Bhoedisme 'n individuele stigter en 'n datum waarop dit begin het. Hierdie man was Siddhartha Gautama, wat in ongeveer 560 vC in Nepal, naby die grens met Indië, gebore is. Tradisie beweer dat 'n siener by sy geboorte geprofeteer het dat hy die grootste leier van alle tye sou word. Die siener het bygevoeg dat, indien die seuntjie vier dinge sou beleef (siekte, ouderdom, dood en 'n monnik wat die wêreld sou versaak), hy 'n weg sou vind om redding vir die hele wêreld te bewerkstellig. Gautama se pa het vir hom 'n paleis gebou, waar hy in afsondering gewoon het, omdat hy wou hê dat hy 'n groot leier word, maar Gautama het later met 'n pragtige vrou, Yasodhara, getrou en hulle het 'n seun gehad.Eendag het Gautama deur die tuin rondom sy paleis gery en 'n baie ou man gesien wat met verskriklike sere bedek was, asook 'n lyk wat na die graf gedra word en 'n bedelende monnik wat baie gelukkig gelyk het. Die bedelende monnik het Gautama laat wonder of daar iets meer in die lewe was as die weelde van sy paleis. Hy het toe die paleis vir ewig verlaat, vasbeslote om die raaisel van die lewe op te los en rondgewaal as 'n bedelmonnik. Hy het die heilige skrifte bestudeer en homself uitgehonger, maar dit het hom geen vrede verskaf nie.

Uiteindelik het hy vir 40 dae en nagte onder 'n boom gesit en 'n eed gemaak dat hy nie sou beweeg voordat hy gevind het waarna hy soek nie. Gedurende die tyd het Mara (die bose een) hom probeer verhinder om sy soeke te voltooi, maar aan die einde van die 40 dae het hy die oplossing gevind en van toe af het hy bekend gestaan as die "Bhoedda" of "die verligte een". Hierna het hy teruggekeer na die menslike wêreld en begin preek oor die betekenis van die lewe en sy manier van verlossing. Hy het toe die Sangha, 'n monniksorde, begin. Toe Bhoedda in die ouderdom van 74 oorlede is, het duisende reeds sy godsdiens aanvaar.

Die Bhoeddisme en Hindoeïsme is soortgelyk, maar ook anders: Bhoedda het nie die heilige geskrifte van die Hindoes aanvaar nie. Hy het ook nie geglo dat die mens 'n siel het nie en hy het geglo dat die huidige wêreld onwerklik is. Hy het egter in die leer van reïnkarnasie geglo en dat mens jou plig moet doen volgens jou plek in die lewe.Die belangrikste deel van sy lering het die Middeweg en die Vier Edele Waarhede ingesluit. Van hierdie twee is die Middeweg die belangrikste.

Vir hom was die middeweg 'n spirituele weg van verlossing wat tussen die komplekse Hindoe geloof en die sensuele wêreld loop. Hy het die streng klassestelsel van die Hindoes verwerp en geglo dat velossing (nirvana) vir almal beskore is, wat die Bhoeddime baie aanvaarbaar vir almal, veral vir die armer deel van die bevolking, gemaak het. Die Vier Edele Waarhede van die Bhoeddisme was vier duidelik gedefinieerde beginsels van die Bhoeddistiese geloof:

1. Lyding is universeel - hiermee verklaar die Bhoeddis dat die lewe lyding moet insluit en dat 'n mens gedurende elkeen van sy inkarnasies moet ly. Verlossing (nirvana) is om van hierdie siklus van lyding verlos te word.

2. Die oorsaak van lyding is hunkering (selfsugtige begeerte) – die mens bly in hierdie eindelose siklus van lyding weens sy verknogdheid aan die wêreld. Die Bhoeddis noem dit "tanha" (begeerte).

3. Die kuur vir lyding is om begeerte uit te skakel – hierdie was Bhoedda se groot ontdekking – as 'n mens begeerte kan uitskakel, is jou lyding verby.

4. Skakel begeerte uit deur die die Middeweg te volg – die Edele Agtvoudige Weg.

Hierdie Agtvoudige Weg bestaan uit 8 maniere van reg leef: 1 – die regte standpunt, 2 – die regte verwagting, 3 – die regte spraak, 4 – die regte optrede, 5 – die regte toepassing, 6 – die regte moeite doen, 7 – die regte bewustheid en 8 – die regte meditasie. Bhoedda het geglo dat enigiemand wat hierdie Agtvoudige Weg reg kan volg, uiteindelik verlossing (nirvana) sal vind – verlossing van die eindelose pad van reïnkarnasie. Toe Bhoedda gevra is wat die staat van nirvana is, het hy geantwoord dat hy nooit probeer het om hierdie vraag te antwoord nie – hy wou toon hoe 'n mens die siklus van lyding kon oorkom en nie wat hy daarna sal vind nie.

Daar is twee moderne vorme van Bhoeddisme, Hinayana en Mahayana:

Hinayana beteken “die doktrine van die mindere weg” en verwys na die geloof dat slegs ‘n gelukkige paar mense uiteindelik nirvana kan bereik – die wat die weg van Bhoedda getrou volg. Die naam is later na Theravada verander (die weg van die ouderlinge). Hierdie vorm van Bhoeddisme beklemtoon die kloosterlewe en is veral dominant in Sri-Lanka, Myanmar, Thailand, Kambodja en Laos.
Mahayana beteken “die doktrine van die groter weg” en verkondig dat nirvana beskore is vir alle mense. Bhoedda het verkondig dat slegs ‘n mens homself kan red, maar Mahayana het ‘n verlosser-god ontwikkel. Hierdie god is die Bhoedda self, wat na nirvana kon gaan, maar gekies het om te bly om ander mense te red.

Theravada en Mahayana Bhoeddisme verskil dus radikaal – vir die Theravada orde is Bhoedda slegs ‘n leraar, maar die Mahayana orde het hom tot ‘n verlosser-god vir alle mense verhef. Mahayana Bhoeddisme is by verre die mees gewilde van die twee en is dominant in China, Tibet, Japan, Vietnam en Korea. Die Bhoedditiese tempel in Bronkhorstspruit is ook ‘n Mahayana tempel.

Hoe verskil die Christendom van Bhoeddisme? Bhoeddiste glo nie in ‘n persoonlike god nie, maar Christene glo in ‘n Alomteenwoordige, Almagtige God, die Skepper van alles. Die Bhoeddiste glo Jesus was ‘n goeie leraar, maar ondergeskik aan Bhoedda, terwyl Christene in Hom glo as die unieke Seun van God,ons Middelaar, wat in ons plek vir ons sonde gesterf het, sodat ons verlos kan word deur slegs in Hom te glo. Bhoeddiste glo dat enigiets wat mens se vooruitgang verhinder, sonde is.
Christene, aan die ander kant, glo dat enige daad wat strydig is met God se Wil, sonde is, en dat die uiteinde van die sonde die ewige dood is.Bhoeddiste kan hulle redding slegs self verdien, terwyl Christene glo dat redding slegs deur geloof in Christus se verdienste moontlik is, dat ons dit nie self kan verdien nie, maar dat dit slegs deur genade aan ons geskenk word, sonder enige verdienste van ons kant af.

# Vir ons kinders



Koninkrykstyd

Ons fokus  nou in die kerkjaar op die seisoen van Koninkrykstyd. En dink veral aan groei, wat ook die tema van ons basaar is. Dalk het jy ook al ‘n diertjie grootgemaak? Of dalk ‘n saadjie of ‘n plantjie geplant en dit help groei? Dan weet jy ook hoeveel moeite dit is om daagliks vir jou baba-diertjie of plantjie te sorg en hoe heerlik om te sien hoe die plantjie of boompie groei of die diertjie grootraak.



Vertel van ‘n keer toe jy ‘n klein diertjie of plantjie moes grootmaak.
Laat almal daarna ook met mekaar hulle stories deel. Dit is ‘n goeie geleentheid om ouers, kinders en grootouers  met mekaar te laat  gesels.


Verduidelik dat ons tans nadink oor die simbole van Koninkrykstyd, in die huidige kerkjaarseisoen. Ons kan as kinders van Jesus ook vergelyk word met ‘n boom of ‘n baba wat moet groei (bv. in 1 Pet 2:2 en Psalm 1:1-3), omdat ons figuurlik moet groei en meer leer oor Jesus en hoe om Hom te volg.
Dis ‘n lewenslange proses.
‘n Boom en die kleur groen is daarom gepaste simbole vir Koninkrykstyd omdat dit ons herinner dat ons ook geestelik moet aanhou groei.



Gesels met mekaar: Op watter verskillende maniere kan ons as kinders van Jesus groei?

Uitdaging: Probeer om hierdie week as julle ry, vir jouself / aan mekaar tekens van groei of nuwe lewe in die natuur of omgewing raak te sien en uit te wys.

# Inkleurprente



Ouers of 'n volwassene kan aan kleuters verduidelik watter goeie vrugte aan ons bome kan groei. Teken vrugte aan jou bome wat die volgende verteenwoordig .

Blou-Maak vrede waar jy is.
Groen–Wees geduldig.
Pers–Wees vriendelik.
Oranje-Help mekaar.
Lig blou-Gee om vir mekaar.
Pienk-Ondersteun mekaar.
Rooi–Wees liefdevol.
Geel-Laat jou lig altyd skyn.